**Nouveau Kollege & Pikanini Kampus**
R362, Karoovlak
Vredendal
8160

Excelsius
Nouveau Kollege

26 Jaar van Gehalte: 1998 tot 2024
Telefoon: 027 470 0117
Skoolhoof: hoof@nkollege.co.za
Administrasie: admin@nkollege.co.za
Pos: Posbus 553, Vredendal, 8160




## SONE-ATLETIEK

Ses en dertig Nouveauers verteenwoordig ons skool by die sone-byeenkoms te Klawer op Saterdag, 10 Februarie 2024. Die verrigtinge begin stiptelik om 07:30 op die Laerskool Klawer se terrein.

Die volgende onderwysers sal Saterdag daar wees om na ons leerders se behoeftes om te sien:

| | | |
|---|---|---|
| Me. D'Nel Dippenaar | Sel: | 078 884 5429 |
| Me. Pikkie Rossouw | Sel: | 072 221 8538 |
| Me. Jolene Warne | Sel: | 083 556 0197 |

Juffrou Pikkie Rossouw tree op as spanbestuurder en sal alle navrae en logistiek ten opsigte van die byeenkoms hanteer. Ons vertrou die volgende atlete en die personeel sal die verrigtinge geniet:

NJ Grobler, Keaken Cloete, Alayna Jannetjies, Minto Bika, Jeanté Smith, Isabel Nel, Lyla Cloete, Sergio Philips, Logan Josephs, Amelie Oosthuizen, Elijah Julie, Ashton Pillay, Rushan Owies, Talia Hanekom, Lee-Ann de Waal, Gideon Southey, Zaydon Davids, Isabel Visser, Scarlett Oosthuizen, Billie-Jean Smith, Lihlithemba Silingo (Lilly), Edward Nuttall, Jan-Hendrik Steenkamp, Lohan Weideman, Drico Visagie, Caeden-Liah Josephs, Chloë Cloete, Khloe Louw, Jana Treurnicht, Grace Snewe, Sharu Owies, Ian Smith, HC Diener, J'Niela Cloete, Khanya Mkhenku en Danelle Seas.

## NASORG EN HUISWERK

Nasorg, een van Nouveau Kollege se gratis dienste, word ‘n bietjie geherstruktureer om te verseker dat die volgende plaasvind tydens nasorg:

Leerders voltooi hul huiswerk vir die volgende dag, voordat hulle om 17:00 die skool verlaat.
Leerders kry tyd om aktiwiteite buite die klaskamers te geniet.
Leerders kry tyd, sodat gesonde sosialisering ontwikkel.
Leerders kan verversing koop om 15:30, wanneer hulle ‘n pouse sal geniet.

Die nasorg-program sal soos volg, elke dag vanaf Maandag tot Donderdag, verloop:

| | |
|---|---|
| Die skool verdaag | 13:35 |
| **Alle nasorg-leerders meld aan by die onderskeie klaskamers** | 14:15 |
| Pikanini-leerders meld aan by Pikanini Kampus |  |
| Graad 1 meld aan by Lokaal 9 (Juffrou Nettie se klaskamer) | |
| Graad 2 en 3 meld aan by Lokaal 8 (Juffrou Johanita se klaskamer) | |
| Graad 4 tot 7 meld aan by die betrokke INTERSEN-lokaal van die toesighoudende personeellid. | |
| **POUSE** vir Grade 1 tot 7 op die rugbyveld/parkie met toesig | 15:30 |
| Leerders keer terug na lokale | 16:00 |
| Leerders maak gereed vir ouers en skoolbusse | 16:45 |

Leerders wat by die skool musiek neem, kan vanaf eerskomende Maandag van die saal se klavier gebruik maak om hul musiek te oefen. Ons sal tydgleuwe toeken aan die betrokke leerders en hulle sal dus tydens nasorg van die klavier gebruik mag maak.

**Na nasorg sal die busse die leerders by die onderskeie aflaai-punte besorg. Ons herinner ouers dat die skool se verantwoordelikheid eindig wanneer die leerders afgelaai is. Daar sal GEEN TOESIG wees vir leerders nadat hulle afgelaai is nie.**

## SKRYFBEHOEFTES

Ons ervaar dat verskeie leerders elke dag skool toe kom sonder die nodige skryfbehoeftes. Ouers en leerders se aandag word gevra in hierdie verband.

Leerders se werk word benadeel indien hulle nie toegerus is nie. Elke leerder moet elke dag die volgende byderhand hê:
‘n Skerp potlood, uitveër, liniaal, Pritt, asook die boeke van die spesifieke vak.

Ons kan nie toelaat dat leerders se lenery die toegeruste leerders laat wag om hul eie toerusting te gebruik nie. Almal se samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

## ONS OORWEEG KARATE


# Okinawa Goju Ryu
# Karate-do Kyokai



**Karate kan voortaan by Nouveau Kollege aangebied word, indien die belangstelling genoeg is. Ons het onderhandel om 'n baie spesiale tarief vir die afrigting te bekom vir Nouveauers. Indien ouers belangstel stuur asseblief 'n WhatApp aan my by 082 894 5544 en ons sal die nodige inligting direk aan u besorg.**

**Die kostes beloop R200 per maand per leerder en daar is afslag vir gesinne wat meer as een leerder inskryf. Die klasse sal na skoolure in die skoolsaal aangebied word en alle ouderdomme is welkom.**

## ONS ROBOTIKA… GRAAD 1 en 2 en 3 en 4 en 5 en 6 en 7*!*



Vanaf volgende week, sal ons leerders vanaf **graad 1 tot 7** Robotika-klasse ontvang as deel van die tegnologie leerplan en/of as verryking van die grondslagfase.

Meer inligting oor hierdie geskiedkundige gebeurtenis, sal binnekort oor Radio Namakwaland uitgesaai word. Ons sal u vroegtydig inlig oor die uitsaaityd, sodra dit met ons gekommunikeer is.

## KOMMUNIKASIE

Ons plaas weer die kontakbesonderhede van die Beheerrraad. Ouers is welkom om hulle te kontak, maar ons rig die vriendelike versoek om probleme deur die regte kanale aan te spreek.

U **eerste** hulp word gewoonlik deur leerders se onderwysers opgelos. Ouers beskik oor al die kontakbesonderhede van elke personeellid en kan dus direk en privaat bekommernisse of probleme met hulle bespreek. Indien die probleem nie voldoende aangespreek word nie, is die **tweede** stap om 'n afspraak met die skoolhoof te belê. Tot op datum is alle probleme daar opgelos, behalwe sake waar **finansies** ter sprake is.

**In laasgenoemde geval word die saak met Me. Rinette Cloete bespreek**. Sy is ook die skakel tussen die ouer en die beheerraad se besluit ten opsigte van finansies.

Enige klagtes oor die skoolhoof kan direk aan die voorsitter, Mnr. Pierre van Zyl gerig word.


| NO | NAAM | PORTEFEULJE | TELEFOON |
|---|---|---|---|
| 1 | Pierre van Zyl | Voorsitter | 084 613 2674 |
| 2 | Mike Nuttall | Ondervoorsitter | 082 958 4184 |
| 3 | Marleen Engelbrecht | Sekretaresse | 083 655 9798 |
| 4 | Kobus Steenkamp | Tesourier | 082 488 4284 |
| 5 | Arina Southey | Bemarking en fondsinsamelings | 073 297 2053 |
| 6 | Deon Visser | Sport/Personeel en leerders | 083 603 1144 |
| 7 | Jaco Fourie | Sport/Bemarking en fondsinsameling | 063 975 0943 |
| 8 | Johan Stemmet | Terrein en Infrastruktuur | 076 982 5234 |
| 9 | Johann Esterhuyse | Skoolhoof | 082 894 5544 |
| 10 | Mari Weideman | Departementshoof | 082 880 0399 |
| 11 | Nettie Louw | Departementshoof | 083 540 3373 |

## TOEGANGSBEHEER en AFSPRAKE

Nouveau Kollege is Nouveauers s'n. Ons sal wil sien dat almal welkom is en voel wanneer hulle ons skool besoek, maar ons het ook 'n verantwoordelikheid om klastye, veiligheid en beskikbaarheid van personeel te beskerm.

U word vriendelik versoek om ASSEBLIEF aan te meld by ONTVANGS wanneer u die skool besoek. Die reëling geld vir besoeke aan enige personeellid; ook dié van Pikanini Kampus. Ons sal aandag aan u versoek gee en die nodige reëlings in hierdie verband tref. Baie dankie vir u samewerking om ons maksimaal te laat funksioneer.





PJ ESTERHUYSE
SKOOLHOOF
Vrydag 09 Februarie 2024

**Ons leerders prioriteit!**

**Graad 1 tot 3-parkie vir NASORG!**